8 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:1-9**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:9

Skatryk in Christus

Wanneer ons vir die armes gee, moet ons dit met die regte gesindheid doen. Dit is wat hierdie hoofstuk ons leer. In vers 8 hoor ons dat ons dit nie maar uit pligsbesef moet doen nie, maar omdat ons graag wil (vers 8). Waarom? Omdat ons diep onder die indruk is van die genade wat God in Jesus Christus aan ons betoon het (vers 9).

Die woord “genade” beteken eintlik “geskenk”. ‘n Geskenk, weet ons, is iets wat ‘n mens verniet kry. Jy gee ‘n geskenk uit liefde aan iemand omdat jy graag wil.

Só ‘n liefdesgeskenk het ons van God ontvang. Jesus Christus was ons geskenk en watter geweldige geskenk was dit nie! Dit was ‘n geskenk wat ‘n groot prys gekos het. Christus moes sy hemelse heerlikheid prysgee om soos ons te word. As mens is Hy verneder tot die dood van ‘n veragte misdadiger. Uiteindelik was Hy só arm dat Hy selfs van God verlate was.

Daardeur het Christus ons ryk gemaak. So het Hy ons, wat arme en ellendige sondaars was, kinders van God gemaak, erfgename van sy koninkryk. Hierdie rykdom het God ons uit liefde geskenk – onverdiend.

Sal ons dan die armes in hulle ellende laat bly? Nee, Christus het ons ryk genoeg gemaak dat ons uit dankbaarheid, met graagte, kan gee om ons naaste uit hul armoede te help.

Sing: Psalm 8:3,4 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)